

## Regering se mooi beloftes waardeloos sonder implementasie

Deur **Sonja Boshoff** – DA-lid van die Nasionale Raad van Provinsies

**Nota aan redakteurs:** Die volgende toespraak sal vandag gelewer word tydens die parlement se debat oor die staatsrede en is onder embargo tot aflewering.

Agbare Meneer die President,  
Agbare Voorsitter,  
Agbare Ministers,  
Agbare Lede  
En mede Suid-Afrikaners, goeiemiddag.

Agbare President, u bevestiging ná etlike jare se verset dat die sakesektor en nie die regering nie, werk skep, word hartlik verwelkom deur die DA.

Dit is voorwaar 'n stap in die regte rigting en hierdie uitspraak sal met valkoë dopgehou word om te sien hoe u en u regering die gewenste omgewing gaan skep om dit te bewerkstellig.

Dit was nog altyd die DA se uitgangspunt dat regerings 'n gunstige ekonomiese klimaat moet skep om sodoende werkskepping en ekonomiese groei te verseker. Hierdie standpunt kan natuurlik deur sommige as 'n refrein van die DA beskou word – amper soos u beloftes tydens die afgelope ses staatsredes.

Die verskil is egter dat die DA onomwonde daarop kan roem dat in die Wes-Kaap waar ons regeer, dit inderdaad die fondasie gelê het om 'n meer effektiewe en suksesvolle ekonomiese bestel tot stand te bring.

Tans het Suid Afrika 'n werkloosheidsyfer van 34.9%, terwyl die uitgebreide syfer gestyg het tot 46.6%. Dit is vyf keer meer as die wêreld gemiddelde. Dit impliseer dat net 38 uit elke 100 persone tussen die ouderdom van 16 en 64 jaar hulself in die gelukkige posisie bevind om indiens te wees. As u dan kyk na die Wes-Kaap is die syfer veel laer op 26.3% present en 'n uitgebreide syfer van 30.3%.

Dit is 'n klinkbare bewys dat waar die DA regeer, ons dit in belang en tot voordeel van elke inwoner doen.

Beleggers is dit eens dat hulle nie twee keer sal dink om in die Wes-Kaap te belê nie, want dit is herhaaldelik bewys dat waar die DA regeer, gebeur dinge tot voordeel van beleggers wat werkskepping bevorder.

Agbare President, u maak ook dikwels 'n beroep op politieke partye om saam te werk om werkskepping en ander belangrike prioriteite in Suid Afrika te bevorder. U behoort daarvan bewus te wees dat verskeie DA parlamentslede reeds 'n aantal nuwe wetsontwerpe in komitees ter tafel gelê het. Dit sluit onder andere in die wetsontwerp om dit makliker te maak om besigheid te doen en die wetsontwerp wat burokratiese rompslomp sal sny.

Ongelukkig is hierdie voorgestelde wetsontwerpe sonder skroom deur u eie lede verwerp, sonder om werklik die positiewe impak daarvan op elke Suid Afrikaner te oorweeg. Dink net, as hierdie twee

voorgestelde wetgewings jare gelede geimplimenteer is, kon die land op 'n veel beter trajek gewees het – baie meer mense kon werk gehad het met die sekuriteite wat daarmee gepaard gaan.

Agbare Voorsitter/Speaker, voor Covid-19 was die land alreeds in groot moeilikheid met betrekking tot werkloosheid. Die instel van u drakoniese Ramptoestandreëls het daartoe bygedra dat die ekonomie verder in duie gestort het.

Dit is 'n feit dat baie besighede na die opheffing van die vlak vyf ramptoestandinperkings nie weer hul deure kon open nie, en dit het daartoe gelei dat baie werknemers hul werk verloor het.

Die toerismebedryf, een van die grootste bydraers tot die BBP, is een van die sektore wat uiters hard getref is deur die ramptoestand-beperkings en -inperkings.

Ongelukkig het hierdie belangrike werkskeppingsbedryf dan ook 'n minister wat eerder daarna streef om haar politieke loopbaan te bevorder as om toe te sien dat hierdie bedryf weer floreer.

Saam met die res van die land, handhaaf die toerismebedryf die uitgangspunt dat die huidige gang van die Covid-pandemie en die sentralisering van die regering se buitengewone magte nie meer nodig is nie. Individuele departemente moet weereens verantwoordelikheid aanvaar om 'n gunstige omgewing te skep vir besighede om te floreer. Dit is dan ook die DA se standpunt. Dit wil voorkom asof u soms die knie buig omrede dr Dlamani Zuma die septer geswaai het.

Agbare President, in Januarie 2018 het u in 'n toespraak belowe dat u een miljoen werksgeleenthede vir die jeug sou skep, so ook in Mei 2019. In 2020, sou u 800 000 werksgeleenthede skep, en in September 2021 het u belowe dat u groot planne vir werkskepping het. Hiervan het dadels gekom, maar gelukkig het u in 2022 besef dat regerings nie werk kan skep nie.

Tydens u toespraak verlede Donderdag het u mooi woorde geuiter wat sag op die oor van baie geval het, maar dit sou meer oortuigend gewees het indien elke plan van u gekoppel was met die omvang van die projekte wat 'n implementeringsplan en 'n voltooiingsdatum insluit. U is dit aan elke Suid-Afrikaner verskuldig.

U het 'n ernstige beroep gedoen dat alle sektore hul samewerking moet gee om hierdie land weer tot sy volle glorie te herstel en u het ook genoem dat u en u kabinet ernstig is om ekonomiese-, arbeids- en energie-hervormings te prioritiseer en te implementeer.

Indien dit die geval is en u ons kan verseker dat u die samewerking van u kabinet het, kan u verseker staat maak op die DA se ondersteuning. Indien nie, is die DA gereed en het ons al bewys dat ons in staat is om dit in 2024 te doen.

Ons is gereed / Sesilungile

Ek dank u / Siyabona

I thank you.